*Warrenton 1884-1984*. [Warrenton, 1985]. 16 pp. Geïll.

Hierdie boekie is eintlik 'n aandenkingsprogram van Warrenton se eeufeesvierings gedurende 1985 en bevat twee kort brokkies oor die dorp se geskiedenis. Die eerste handel oor sir Charles Warren na wie Warrenton vernoem is en in die tweede word die ontstaan van dié Noord-Kaaplandse dorp geskets. Hoewel oorsigtelik en met enkele foute mag die oningeligte persoon wat iets in 'n neutedop oor Warrenton wil weet, hierdie feesbrosjure nuttig vind.

*P.H.R. SNYMAN*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*